REPROGRAPHIC REPRODUCTION UNDER THE NORTH-WEST UNIVERSITY'S BLANKET COPYRIGHT LICENSE

GENERAL GUIDELINES

TRANSACTIONAL LICENSE VS BLANKET LICENSE

1. A transactional license is a one-time license that authorises ***specific*** reproduction of a ***specific*** item for a ***specific*** purpose, e.g. the production of 355 copies of a 15-page article from *the South African Journal of Economics* for an Economics I-module in a specific year. This is preceded by a complete application, and authorisation for the intended reproduction is granted against payment of a ***calculated reproduction right royalty*****.**

2**.** In contrast, a blanket license is an umbrella license issued to an educational organisation against payment of a ***fixed amount per Full-time Equivalent Student (FTES)***.This instrument ***authorises*** reproduction ***in advance***, but does require ***retrospective reporting***.

NWU'S BLANKET LICENSE

1. On 1 January 2006 NWU entered into a blanket license agreement with DALRO and in future lecturers would not have to apply for copyright clearance in advance, but only ***have to report*** retrospectively on copying. Reporting can be done either on DALRO's Reprographic Reproduction Report Forms or via another method, as long as the necessary details required by DALRO are supplied.

2. The blanket license covers copying on the 'licensed premises', being the building or buildings owned or rented by the License Holder (NWU) for educational or research purposes. From this it follows that copying taking place on other premises, e.g. so-called 'copyshops', do not qualify for copyright clearance under the blanket license.

WHAT IS AUTHORISED IN TERMS OF NWU'S BLANKET LICENSE?

1. The blanket license mainly authorises five forms of copying or dissemination:

- ***Course packs or readers***, i.e. compilation works containing extracts from a variety of published sources, distributed to students;
- ***Single item hand-outs***, i.e. journal or magazine articles or extracts from books, that exceeds the reproduction quota determined by the Regulations (Section 13 of the Copyright Act);
- ***Transient*** (for the duration of the course or module) ***electronic copies*** for printing out of substantially identical paper copies, either by the lecturers or students themselves. A typical example of this is the posting of works on any of NWU's password-protected, secure internal networks;
- Placement of ***copies*** (single items and/ or compilation works) ***in the library's short-loan section (i.e. on reserve)*** for on-copying by students.

- Copies in alternative format for visually impaired persons.

2. The ***extent*** of copying under the blanket license is as follows:

   - From a ***book***, a maximum of ***one chapter*** if the book is divided into chapters, or ***approximately 10%*** if there is no chapter division;
   - From a ***journal or magazine***, the ***complete article*** (one or more) that is needed;
   - From a ***collection of law reports or statutes***, the ***complete report or statute*** (one or more);
   - From an ***anthology or volume of short stories or poetry***, the ***complete short story*** or the ***complete poem***.

3. There is no limitation on the ***number*** of copies which may be made or the ***number of times*** copies may be made, provided the extent of reproduction (as described in 2 above) is not exceeded.

HOW TO REPORT ON LICENSED REPRODUCTION

1. The report procedure must be followed regarding

   - Each item distributed to students as part of a reader, or single hand-out. For reporting purposes, the number reproduced is, of course, ***the number of readers or single hand-outs made***.
   - Each item placed on any of NWU's secure internal networks. For reporting purposes, the number reproduced is ***the number of students enrolled for the specific course or module***, i.e. the ***potential reproduction*** of the authorised transient electronic copy.
   - Each item placed on reserve in ***copied form*** (Please note: Not original published editions) in the library's short-loan section for possible (or recommended) copying by students. For reporting purposes, the number reproduced is ***the number of students enrolled for the specific course or module***, i.e. the ***potential reproduction*** of the authorised reserve shelf copy(ies).

2. In addition to the information regarding the reproduction (***number of pages copied*** and ***number of copies of those pages***), the report form should contain the following necessary bibliographical details:

   - ***Title of the publication***, i.e. book, journal, magazine, etc.;
   - ***Title of the article***, if reproduction is from a journal or magazine;
   - ***ISBN of book***, or ***ISSN of journal/magazine****;*
   - ***Author(s)/editor(s) of book or author(s) of the article***.

WHAT HAPPENS IF A LARGER PORTION OF A BOOK IS REQUIRED FOR REPRODUCTION?

1. Should ***more*** than one chapter (or 10%) of a book be required, the normal method of application for a ***transactional license*** with DALRO should be followed.

2. Cases may occur where DALRO would be able to justify the extended reproduction under the blanket license. If this is not possible, there may not be continued with the reproduction of a larger portion of a book before special permission has been obtained.

WHAT IS EXCLUDED FROM REPRODUCTION UNDER THE BLANKET LICENSE?

1. Works wherein copyright is no longer established;
2. 'Fair dealing' as specified in Section 12(1)(A) of the Copyright Act, or acts as stipulated in the Section 13-regulations;
3. Material excluded from copying in terms of the blanket license agreement (Schedule & F);
4. Works published exclusively in electronic format (on CD-ROM or on the Internet);
5. Unpublished works; and
6. Published works containing a notice clearly prohibiting reproduction in terms of a license of a reproduction rights organisation (RRO).

ENQUIRIES

Potchefstroom Campus Copyright Office: Tarien Jacobs
992996
Tarien.Jacobs@nwu.ac.za

REPROGRAFIESE REPRODUKSIE ONDER DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT SE DEKKENDE OUTEURSREGLISENSIE

ALGEMENE RIGLYNE

TRANSAKSIONELE LISENSIËRING VS DEKKENDE LISENSIE

1. 'n Transaksionele lisensie is 'n eenmalige lisensie wat ***bepaalde*** reproduksie van 'n ***bepaalde*** item vir 'n ***bepaalde*** doel magtig, bv. die maak van 355 kopieë van 'n artikel van 15 bladsye uit die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* vir 'n Ekonomie I-module in 'n bepaalde jaar. Dit word deur 'n volledige aansoek voorafgegaan, en magtiging vir die beoogde reproduksie word teen betaling van 'n ***berekende reproduksieregtantième*** toegestaan.

2. 'n Dekkende lisensie, daarenteen, is 'n oorkoepelende lisensie wat aan 'n opvoedkundige instelling uitgereik word teen betaling van 'n ***vasgestelde bedrag per Voltyds-Ekwivalente Student (VES)***. Hierdie instrument ***magtig*** reproduksie ***vooraf***, maar vereis wel ***retrospektiewe verslagdoening***.

NWU SE DEKKENDE LISENSIE

1. NWU het vanaf 1 Januarie 2006 'n dekkendelisensie-ooreenkoms met DALRO gesluit en dosente sal in die vervolg nie meer vooraf vir outeursregklaring aansoek hoef te doen nie, maar sal slegs retrospektief oor kopiëring moet ***verslag doen***. Daar mag óf op DALRO se Reprografiese Reproduksie-verslagvorms, óf op 'n ander wyse verslag gedoen word, solank die noodsaaklike besonderhede wat DALRO vereis, verskaf word.

2. Die dekkende lisensie dek kopiëring op die "gelisensieerde perseel", synde die gebou, of geboue, wat deur die Lisensiehouer (NWU) besit of gehuur word vir doeleindes van onderrig of navorsing. Dit volg hieruit dat kopiëring wat op ander persele plaasvind, bv. op persele van sg. "copyshops", nie vir outeursregklaring onder die dekkende lisensie kwalifiseer nie.

WAT IS INGEVOLGE NWU SE DEKKENDE LISENSIE GEMAGTIG?

1. Die dekkende lisensie magtig hoofsaaklik vyf vorme van kopiëring of disseminasie:

   - ***Leesbundels*** (sg. "course packs" of "readers"), d.w.s. versamelwerke wat uittreksels uit 'n verskeidenheid gepubliseerde bronne bevat, wat aan studente versprei word;

   - ***Enkelitem-uitdeelstukke***, d.w.s. tydskrifartikels, of uittreksels uit boeke, wat die reproduksiekwota oorskry wat deur die Regulasies (Artikel 13 van die Wet op Outeursreg) bepaal word;

   - ***Tydelike*** (vir die duur van die kursus of module) ***elektroniese kopieë*** vir die uitdruk van wesenlik identiese papierkopieë, hetsy deur dosente of deur die studente self. Tipiese voorbeelde hiervan is die plasing van werke op enige van NWU se wagwoord-beheerde, veilige interne netwerke;

   - Plasing van ***kopieë*** (enkelitems en/of versamelwerke) ***in die biblioteek se kortleenafdeling*** (d.w.s. op reserwe) vir áánkopiëring deur studente;

   - Kopieë in alternatiewe formaat vir gesiggestremde persone.

2. Die ***omvang*** van kopiëring onder die dekkende lisensie is soos volg:

   - Uit 'n ***boek***, 'n maksimum van ***een hoofstuk*** indien die boek in hoofstukke verdeel is, of ***nagenoeg 10%*** indien daar geen hoofstukverdeling is nie;

- Uit ’n ***vaktydskrif of tydskrif***, die ***volledige artikel*** (een of meer) wat benodig word;

- Uit ’n versameling ***hofverslae of wette***, die ***volledige verslag of wet*** (een of meer):

- Uit ’n ***bloemlesing of bundel kortverhale of gedigte***, die ***volledige kortverhaal*** of die ***volledige gedig***.

3. Daar is geen beperking op die ***aantal*** kopieë wat gemaak mag word, of die ***aantal kere*** wat kopieë gemaak mag word nie, solank die omvang van die reproduksie (soos in 2 hierbo beskryf) nie oorskry word nie.

HOE MOET DAAR OOR GELISENSIEERDE REPRODUKSIE VERSLAG GEDOEN WORD?

1. Die verslagprosedure moet gevolg word t.o.v.:

   - Elke item wat as deel van ’n leesbundel, of as enkel-uitdeelstuk, aan studente versprei word. Vir doeleindes van verslagdoening is die getal reproduksies natuurlik die ***getal leesbundels of enkel-uitdeelstukke wat gemaak is***.

   - Elke item wat op enige van NWU se veilige interne netwerke geplaas word. Vir doeleindes van verslagdoening is die getal reproduksies ***die getal studente wat vir die bepaalde kursus of module ingeskryf is***, m.a.w. die ***potensiële reproduksie*** van die gemagtigde tydelike elektroniese kopie.

   - Elke item wat in ***gekopieerde vorm*** (Let wel: Nie oorspronklike gepubliseerde uitgawes nie) in die biblioteek se kortleenafdeling op reserwe geplaas word vir moontlike (of aanbevole) áánkopiëring deur studente. Vir doeleindes van verslagdoening is die getal reproduksies ***die getal studente wat vir die bepaalde kursus of module ingeskryf is***, m.a.w. die ***potensiële reproduksie*** van die gemagtigde reserwerakkopie(ë).

2. Bo en behalwe die inligting wat op die reproduksie betrekking het (***getal bladsye gekopieer***, en ***getal kopieë van daardie bladsye***), moet die verslagvorm die nodige bibliografiese inligting bevat:

   - ***Titel van die publikasie***, d.w.s. boek, vaktydskrif, tydskrif, ens.;

   - ***Titel van die artikel***, indien daar uit ’n vaktydskrif of tydskrif gereproduseer word;

   - ***ISBN van boek***, of ***ISSN van vaktydskrif/tydskrif***;

   - ***Skrywer(s)/redakteur(s) van die boek*** of ***skrywer(s) van die artikel***;

WAT GEBEUR INDIEN ’N GROTER GEDEELTE VAN ’N BOEK VIR REPRODUKSIE BENODIG WORD?

1. Indien ***meer*** as een hoofstuk (of 10%) van ’n boek benodig word, moet daar op die gebruiklike wyse om ’n ***transaksionele lisensie*** by DALRO aansoek gedoen word.

2. Daar mag gevalle wees waar DALRO die uitgebreide reproduksie onder die dekkende lisensie sou kon geregverdig. Indien dit nie moontlik is nie, mag daar nie met die reproduksie van ’n groter gedeelte van ’n boek voortgegaan word, alvorens spesiale toestemming verkry is nie.

WAT IS VAN REPRODUKSIE ONDER DIE DEKKENDE LISENSIE UITGESLUIT?

1. Werke waarin outeursreg nie meer vestig nie;

2. “Billike gebruik” soos bepaal in Artikel 12(1)(A) van die Wet op Outeursreg, of handelinge soos bepaal in die Artikel 13-regulasies;

3. Materiaal wat ingevolge die ooreenkoms van kopiëring onder die dekkende lisensie uitgesluit is (Bylae E & F);

4. Werke wat uitsluitlik in elektroniese formaat gepubliseer is (op CD ROM of op die Internet);

5. Ongepubliseerde werke; en

6. Gepubliseerde werke wat ’n kennisgewing bevat wat reproduksie ingevolge ’n lisensie van ’n reproduksieregte-organisasie (RRO) uitdruklik verbied.

NAVRAE

Potchefstroomkampus Kopieregkantoor: Tarien Jacobs
992996
Tarien.Jacobs@nwu.ac.za